ONS BENODIG HULP

# KIDZ KERSPARTYTJIE

ONS VAT HANDE MET DIE CMR EN BIED DIT HIER BY ONS AAN

- Borg van 'n spesifieke kind se pakkie
- Help met 'n bydrae vir items vir die geskenkpakkies; skryfbehoeftes; skooltas-sies; kosblikke; lekkergoed
- Help met verversings vir die partytjie
- Die borg van 'n springkasteel
- Geskenkies vir 40 kinders

KONTAK ASSEBLIEF VIR ELIZMA BY 082 440 6157



# Harties NG Poortbode

Oorvloedige LOF

**Prediker: Ds. Johan de Wet**
**Datum: 19 November 2023**

**KERSSANGDIENS**

## GEMEENTEPROGRAM

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| So | 19/11 | 08:30 | Voorbidding | Gebedskamer |
| | | 09:00 | Erediens | Kerkgebou |
| | | 09:00 | Voete – en Juniorkerk | Jeugsentrum |
| Ma | 20/11 | 19:00 | Spesiale Kerkraadsvergadering | Jeusentrum |
| Di | 21/11 | 18:00 | L • I • F • T | Jeugsentrum |
| Wo | 22/11 | 09:00 | Senior– en vrouebybelstudie | Jeugsentrum |
| Vr | 24/11 | 06:00 | Mannebiduur | Kerkgebou |

## Baie welkom

Vir ons is 'n
Seun gebore,
aan ons is 'n
Seun gegee;
Hy sal heers en
Hy sal genoem word:



WONDERBARE
RAADSMAN
MAGTIGE GOD
EWIGE VADER
VREDEVORS

JESAJA 9:5

## BELANGRIKE KENNISGEWING

*Spesiale kerkraadsvergadering*
*Maandag*
*20 Nov 2023*
*19:00*
*Jeugsentrum*


Lidmaatskap: Angie: 012 253 1991 x 100 E-pos: kantoor@hartiesng.org
Poortbode: Marianne: 012 253 1991 x 108 E-pos: komm@hartiesng.org
Kantoorure: Ma - Vr: 08:30 - 12:30 Web: www.hartiesng.org

# Heilsmuur

## 4. Geloof bring gensesing. Matt. 8:1 -13

1. In hierdie gedeelte is daar twee persone wat Jesus sê pad kruis en genees word: a. vs 2: Die melaatse, wat by Jesus kom kniel: "Here, as U wil, kan U my gesond maak." Vs 3: "Ek wil gesond word." b. Vs. 6-7. Die hoofman oor honderd se slaaf: "Here, my slaaf lê by die huis verlam en verduur pyn." Jesus antwoord hom. "Ek sal hom gesond maak." Vs 8: "Here , ek is nie werd dat U onder my dak inkom nie, sê maar net 'n woord en my slaaf sal gesond word."
2. Jesus was verwonderd toe Hy dit hoor en Hy sê vir die mense wat agter Hom aangekom het: "Dit verseker Ek julle, Ek het nog by niemand in Isreal so 'n groot geloof teëgekom nie."
3. Ja, geloof bring genesing en redding. Moet nie meer twyfel nie, maar wees gelowig.
4. Dankie Vader, dat ons met ons nood na U kan kom. U is ons Alles. Ons Alfa en Omega. Amen

# GEBEDSVERSOEKE:

*Watter troos, dat die Here ons elkeen by die naam ken en dat die Heilige Gees ons versugtinge aan God bekend maak. Ons dra mekaar op ons gebedshande en bid vir elke lidmaat se beskerming en God se oorvloedige genade en seën.*

1. Ria Fourie: sy is tuis en haar eerste benadeling is klaar. Sy kry oor drie weke die volgende behandeling. Dit gaan onder omstandighede redelik met haar. Sy het erge hartkloppings gehad, maar dit gaan nou beter.
2. Pieter en Louise Cornelius: hulle seuntjie, Pieter, is steeds kritiek, maar stabiel.
3. Ons dink in ons gebede steeds aan: Pierre en Suzanne Jansen en Leon en Hannatjie Troskie.
4. Helena de Vos: haar chemo is eers gestaak, sodat sy 10 dae kan rus en haar kragte opbou. Daarna kry sy weer behandeling met 'n verminderde dosis.
5. Maureen Blaauw: haar seun, Pieter, is terminaal siek en dit gaan glad nie goed met hom nie.

**Wendy Barnardo 072 1596 777 / 012 259 0104**




## Baie welkom aan Nuwe lidmate

1. William Botha, Xanadu
2. Mynie Baird, Leloko

Mag julle deelwees van ons geloofsgemeenskap vir julle tot groot seën en vreugde wees.

Nuwe lidmate is baie welkom om Angie by die kerkkantoor te skakel of om die nuwe intrekkersvorm op ons web by www.hartiesng.org in te vul

# Dank en Geloofsoffer

## my dank- en geloofsoffer

SEËN DANKBAARHEID ERKENTLIKHEID

Koeverte is by beide kante op die verhoog beskikbaar

**Inhandiging enige Sondag tot op die laatste einde Februarie 2024**


deovolente

Residensiële Sorgsentrum vir geestesgestremdes

**GHOLFDAG**

**24 November 2023**

**Pecanwood Gholflandgoed**

10:00 Registrasie 12:00 "Shotgun Start"

R4000 vir vierbal

Ingesluit: "green fees", 2 gholfkarre, middag– en aandete en prysuitdeling

